kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Is jou bordjies al verhang?

Skriflesing: Lukas 14:1-14

Broodjies vir die pad

“Many of us have set out on the path of enlightenment. We long for a release of self-hood in some kind of mystical union with all things. But that moment of epiphany—when we finally see the whole pattern and sense our place in the cosmic web—can be a crushing experience from which we never fully recover. Compassion hurts. When you feel connected to everything, you also feel responsible for everything. You can not turn away. Your destiny is bound to the destinies of others. You must either learn to carry the Universe or be crushed by it. You must grow strong enough to love the world, yet empty enough to sit down at the same table with its worst horrors. To seek enlightenment is to seek annihilation, rebirth, and the taking up of burdens. You must come prepared to touch and be touched by each and every thing in heaven and hell.
I am One with the Universe and it hurts.”
— Andrew Boyd, Daily Afflictions: The Agony of Being Connected to Everything in the Universe

‘Gaan aan met die lewe’ bloot leë medelye

Wilhelm Jordaan

Met die dood van ’n geliefde word dié wat agterbly op baie maniere getroos en bemoedig.

En dit is die goeie bedoelings daarvan wat dikwels die troosteloosheid van hulle wat rou, verdiep eerder as versag.

Soos om te sê: “Onthou ons is hier vir jou. Jy het ons medelye. Ons sal jou bystaan, maar jy moet onthou die lewe gaan aan.”

Dié soort troos is dikwels leeg omdat dit die rouproses verskraal tot eenvoudige probleemoplossing: Jy moet net leer hoe om “aan te gaan” – sonder die geliefde te bestaan; besluite te neem sonder hom/haar; dinge te doen sonder hom/haar; en, na gelang van die spesifieke geval, jou oop te stel vir nuwe liefdesverbintenisse. Jy moenie alleen wees nie.

So ’n gerigtheid op die voortgaande lewe maak dat rouendes weerhou word van ’n lewensvormende reis deur die donker landskappe van verlies; waar tyd opgeskort word en ruimte kantel.

Soos die digter W.H. Auden dit sê: “Stop all the clocks, cut off the telephone / Prevent the dog from barking with a juicy bone, / The stars are not wanted now: put out every one, / Pack up the moon and dismantle the sun . . .”

Smart is die swaartepunt van verlies. En hulle wat rou, moet hulself toelaat – en ook deur ander toegelaat word – om in dié kragveld te vertoef.

En dit sluit in die unieke maniere waardeur mense hul smart beleef en herinneringe aan ’n geliefde in stand hou.

In Nicole Krauss se The History of Love word dié uniekheid op verskillende maniere geteken.

So byvoorbeeld verneem ’n bejaarde man, Leo Gursky, van die dood van sy skrywerseun, Isaac, wat hy deur omstandighede net op ’n afstand kon ken en liefhê. Hy bad, trek sy nuwe pak klere aan en skink ’n paar drankies.

En begin dans: “Eers net stadig. Dan vinniger en vinniger. Ek stamp my voete en skop met my bene sodat die litte kraak.

“So gebukkend en skoppend dans ek die dans wat my pa gedans het en wat sy pa gedans het, die trane loop oor my wange soos ek lag en sing en dans en dans, totdat my voete rou is en daar bloed onder my toonnaels is, ek dans op die enigste manier wat ek ken: vir lewe, al vallende oor die stoele sodat ek weer kan opstaan en verder dans, tot dagbreek toe en ek my op die vloer bevind, so naby aan die dood dat ek daarop kon spoeg en fluister: L’chaim.”

Wat dít aan ons sê, is dat diep deurleefde smart en herinneringe aan die geliefde ’n feesviering van die voortgaande lewe is; ’n bevestiging dat jou mensheid deur die geliefde se lewensteenwoordigheid gevorm is en steeds deur nagedagtenis gevorm word.

Wie dit begryp, weet dat smart oor ’n geliefde keer op keer en ná baie jare kan en móét terugkeer – soms in ’n berekende gedagtegang, soms pynlik onverwags. En dat die vorm van jou verdriet kosbare besit is. Dít alles saam is deel van aangaan met die lewe.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/gaan-aan-met-die-lewe-bloot-lee-medelye-20190828

“Love consists of not looking each other in the eye, but of looking outwardly in the same direction.”
— Antoine de Saint-Exupéry, Airman's Odyssey

“The most common ego identifications have to do with possessions, the work you do, social status and recognition, knowledge and education, physical appearance, special abilities, relationships, person and family history, belief systems, and often nationalistic, racial, religious, and other collective identifications. None of these is you.”
— Eckhart Tolle

"There is a universal respect and even admiration for those who are humble and simple by nature, and who have absolute confidence in all human beings irrespective of their social status."
— Nelson Mandela, Conversations With Myself

"My religion is very simple. My religion is kindness."
— Dalai Lama XIV

"I have been a lucky man. To feel the intimacy of brothers is a marvelous thing in life. To feel the love of people whom we love is a fire that feeds our life. But to feel the affection that comes from those whom we do not know, from those unknown to us, who are watching over our sleep and solitude, over our dangers and our weaknesses – that is something still greater and more beautiful because it widens out the boundaries of our being, and unites all living things."
— Pablo Neruda

"Love isn't something natural. Rather it requires discipline, concentration, patience, faith, and the overcoming of narcissism. It isn't a feeling, it is a practice."
— Fromm, Eric, The Art of Loving

Brood vir die pad

Lewe is soos om op 'n lughawe te wag

Dawid Kuyler

Lughawens is plekke waar jy telkens onseker voel, maar waar jy ook die kans kry om mense na hartelus waar te neem en te bestudeer.

So gebeur dit onlangs dat ons in Istanbul drie uur lank moet wag vir ons vlug na Frankfurt.

Oral sit en lê mense wat lank voor jou al daar aangekom het. Regs van ons was drie ortodokse Jode met hul gebedstossels wat uitgehang het. Heelwat Turkse tannies kopdoeke saam met hul meer moderne kinders en kleinkinders het ook ons omgewing gedeel.

Amerikaners kon jy hoor voor jy hulle gesien het. Mense van oral het saam gewag. Party half ongeduldig, ander gelate.

Jy kan sien sommige mense op die lughawe is ou reisigers. Hulle stap selfversekerd na waar hulle moet wees. Ander kan jy sien reis dalk vir die eerste keer. Gesinne met klein kinders is opvallend. Party kinders word gedra, ander in stootwaens, ander wil self stap en hul eie klein tassie sleep. Jy kan sien ouers met klein kinders lyk dikwels moeg.

Hier en daar hardloop 'n pa vooruit om by die regte hek uit te kom met die ma en kinders op 'n streep agterna. Ou mense wat sukkel om te loop word met elektriese karretjies aangery en besorg waar hulle moet wees.

Almal op die lughawe is op reis na 'n bestemming. Sommiges is op pad na geliefdes, ander reis vir werk, ander gaan weer huis toe.

Maar almal moet eers wag.

Om te wag is egter nie só eenvoudig nie. Om die tyd om te kry, kyk ek maar na mense en wonder wat is elkeen se storie. Sekerlik kyk mense ook vir my en wonder oor my storie.

Gevangenes van lughawens

Een van die slegte dinge van wag op 'n lughawe is wanneer aangekondig word dat jou vlug laat is en jy nog langer moet wag.

Op 'n keer toe sneeu vlugte bemoeilik het in Amerika en ek gevolglik my aansluitingsvlug verpas het, moes ek 'n dag lank op 'n lughawe sit om te wag vir 'n plek op 'n volgende vlug.

Met ons onlangse terugkeer na Suid-Afrika was ons vlug uit Frankfurt met vier uur vertraag en ons het ons aansluitingsvlug in Istanbul verpas.

Ná baie vrae vra en kilometers se loop het ons visums gekry en om 05:00 by 'n hotel in Istanbul tot ruste gekom. Ná 'n opwindende dag in Istanbul is ons die aand weer lughawe toe met die hoop om teen 02:00 weer terug te vlieg na SA. Die verrassing was dat ons vlug weer met 'n uur vertraag was.

Op 'n lughawe is jy uitgelewer.

Lughawens hou jou tydelik gevange op jou reis na jou bestemming. Jy verdra dit omdat jou bestemming belangrik is.

So sit ek toe en dink: Wanneer gaan Suid-Afrika se vlug weer opstyg en ons na 'n nuwe bestemming neem?

Of is ons gedoem om op die lughawe te bly omdat grondpersoneel en lugbeheer 'n stokkie daarvoor steek? Moet ons maar wag en kyk en tyd verwyl deur mense rondom ons te bestudeer?

Dalk voel jy ook lus om te sê: Vlieg! Ons het nou lank genoeg gewag.

Dalk moet ons geduldig wees omdat die aanloopbaan nog herstel moet word en dit kan 'n tydjie duur voordat die lughawe heeltemal operasioneel is. Dalk moet ons langer wag as wat aanvanklik beplan is.

As ons wil reis en vlieg sal ons dalk in ongerief en ongeduld moet wag.

Nie almal in Suid-Afrika kan na die buiteland emigreer nie. Baie van ons, en ek sluit myself daarby in, moet hier bly en werk en bid vir 'n nuwe toekoms.

Dis my land dié en hier lê my wortels. Hier lewe ek en hier sal ek sterwe.

** Dr. Kuyler is 'n leraar van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en voormalige skriba van die algemene sinode van die VGKSA. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/lewe-is-soos-om-op-n-lughawe-te-wag-20190823

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877